/LVS

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(NORTH GAUTENG HOË HOF, PRETORIA)

29/05/2009.

SAAKNOMMER: 13045/2009

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE

(1) RAPPORTEERBAAR: JA/NEE.

(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: JA/NEE.

(3) HERSIEN.

DATUM 29/5/09 HANDTEKENING

In die saak tussen:

ABSA BANK LTD EISER

EN

SIBANZI CONSTRUCTION CC VERWEERDER

---

UITSPRAAK

---

BOTHA R:

Dit is `n aansoek om summiere vonnis.

Die verweerder se beantwoordende verklaring is laat afgelewer. Daar is `n *bona fide* verweer in die vorm van `n bewering dat artikels 129 en 130 van Wet 34 van 2005 nie nagekom is nie. Ofskoon daar betoog is dat Wet 34 van 2005 nie van toepassing is nie, is daar nie genoeg feite voor my om so `n bevinding te maak nie.

Die applikant het aangedring op `n substantiewe aansoek om kondonasie van die laat aflewering van die beatwoordende verklaring. Die verklaring is een dag laat afgelewer. Daar was `n vakansie dag tussen in. Dit is ondenkbaar dat enige verduideliking van die versuim so ellendig kan wees dat dit nie aanwesigheid van `n *bona fide* verweer sal oortroef. Derhalwe sou dit onsinnig wees, en `n verkwisting van koste, om op `n formele aansoek om kondonasie aan te dring. Ek is bereid om kondonasie sonder meer te verleen en die beantwoordende verklaring te ontvang.

**Die volgende bevel word verleen:**

1. **Die laat aflewering van die beantwoordende verklaring word gekondoneer.**
2. **Verlof om te verdedig word verleen.**
3. **Koste sal koste in die geding wees.**

**C. BOTHA**

**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF.**